**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 100
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

*Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

DIE OU MUTUAL
bied u die
beste in
Lewensversekering
SAM 1965

JAARGANG XXI — WOENSDAG, 2 MAART 1966 — NR. 3

# MENINGSVERSKIL OOR INSKAKELING

## *Ou vorm finaal afgeskaf*

**DIE INSKAKELING van eerstejaars het bo verwagting goed afgeloop en dit is grootliks te danke aan die goeie samewerking van die seniorstudente, het mnr. Frans van der Walt, voorsitter van die plaaslike Studenteraad in 'n persverklaring gesê. Hy is genader oor sy mening in verband met die welslae wat behaal is met die nuwe inskakelingsprogram wat in die plek van die ou vorm van inlywing gestel is. Dié vorm is verlede jaar finaal deur die Studenteraad afgeskaf.**

Mnr. Van der Walt het gesê dat een of ander vorm van inskakeling of inlywing nodig is om die eerstejaars in die studentegemeenskap in te burger. Die inburgering hoef nie net een vorm of patroon aan te neem nie.



**MNR. FANIE ROOTHMAN**

„Die pasafgelope inskakelingsprogram kan die begin wees van 'n nuwe patroon," het hy gesê.

**Aksies wat herinner aan die tradisionele ontgroeningsaksies het groot belangstelling uitgelok en goed afgeloop.**

**VOORTDUUR**

„Wat die patroon van ons inskakeling ookal is; die hoofsaak bly dat die eerstejaars ingelei moet word in die gees en karakter van ons Universiteit en dat daar rondom die kern 'n gesonde studentelewe moet ontplooi. Die taak is nog nie afgehandel nie, trouens, dit moet die hele jaar voortduur," het mnr. Van der Walt gesê.

Verskeie ander studente is genader in verband met hulle mening oor die welslae van die afgelope inskakeling van die eerstejaars; onder andere ook mnr. Fanie du Plessis onder wie se voorsitterskap inlywing verlede jaar afgeskaf is. Hy wou geen kommentaar lewer nie.

„Ek wil nie sê dat die nuwe stelsel reeds geslaag het nie, maar dat dit begin slaag kan nie betwyfel word nie. Die nuwe idee in sigself is suksesvol wat dit stel 'n prinsipieël suiwerder grondslag," het mnr. Deon Malan, vierdejaar student in die Regte, gesê.

**MISLUK**

Mnr. Fanie Roothman is 'n B.Sc.-student in sy finale jaar en het hom as volg oor die aangeleentheid uitgelaat: „Inskakeling het misluk omdat dit die eerstejaars nie werklik laat tuis voel in ons midde nie".

**Mnr. Corrie Martins, 'n dorpstudent, het gesê dat eerstejaars wat in die dorp woon in die verlede ook ingeskakel is by die studentelewe. Dit is volgens hom, nou nie meer die geval nie.**

**SUKSESVOL**

Mnr. Hans van Zyl, 'n ou bekende in die studentegemeenskap van die P.U., het gesê dat die inskakelingsprogram grootliks suksesvol was maar dat inskakeling van die eerstejaars by die seniors minder geslaagd was. Daar was minder geleentheid vir persoonlike kontak soos met uitkenningsparades. Die hartlike, persoonlike inskakeling was minder geslaagd, het hy gesê.

Hy het ook nie die eerstejaars leer ken soos in die verlede nie.

Dit is duidelik dat daar groot meningsverskil oor die sukses van die afgelope inskakelingsprogram heers. Dames wat genader is, het oor die algemeen gekla dat die eerstejaardames nou nie meer verplig kan word om diens te doen in die koshuise nie.



**Verskeie vooraanstaande sakemen se het onlangs besoek gebring aan die P.U. waartydens hulle in verskillende departemente toegelig is oor die werksaamhhede van die Universiteit. Hier verduidelik mnr. W. V. Enslin van die Departement Industriële Chemie aan die besoekers waarvoor die laboratorium apparaat gebruik word. Foto: Fotokuns.**

## Rede vir Gert Potgieter se uittrede bekend

**Mnr. Gert Potgieter, wêreldrekordhouer van die 440 treë hekkies het tydens die sportweek, in 'n onderhoud met ons verslaggewer, gesê dat die verswakking van sy gesig as gevolg van 'n ongeluk in Duitsland, beslis nie die oorsaak is waarom hy nie meer deelneem aan die 440 treë hekkies nie.**

V: Mag ek u vra waarom u nie meer aan die 440 tree hekkies deelneem nie?

A: Dit is 'n saak van prestige. Nadat daar eenkeer baie van my verwag is sal ek nie weer tevrede kan wees met 'n tweederangse vertoning nie.

V: Sien u nie kans om nou bv. te spesialiseer in die 440 tree nie? U potensiaal is tog algemeen bekend.

A: Dit sal nie weer dieselfde kan wees nie.

Mens wil onthou word soos wat jy op jou beste was.

V: Wanneer was die grootste oomblik in u lewe?

A: My troudag op 11 Mei 1962.

V: Op sportgebied?

A: Die 4 x 440 tree aflos in Cardiff tydens die 1958 Statebondspele.

V: Het u enige besondere belangstelling afgesien van atletiek?

A: Ek stel baie belang in musiek. Spesifiek operaplate wat tydens die Goue Opera-eeu vervaardig is.

V: Is u huistaal Duits?

A: Nee. Renate praat al vlot Afrikaans. Sy is 'n gekwalifiseerde onderwyseres en kon sodoende die taal gou hanteer.

V: Wat is u indruk van die P.U.?

A: Baie gunstig. Saam met Stellenbosch is dit twee van die min universiteite in die wêreld wat ek al besoek het waar die dosente ook in sport belang stel. Die organisasie oor die algemeen is puik.



*Gert Potgieter help 'n kursusganger met die wegspring tydens die sportweek.*

## Vaktaalwoordeboeke sal binnekort verskyn

**Uit 'n vorderingsverslag van die Vaktaalburo van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns blyk dat die Opmeetwoordeboek reeds verskyn het en van die Akademie bestel**

Die volgende woordeboeke sal hopelik vanjaar verskyn:

**Chemiese Woordeboek (12,000 terme);**
**Musiekwoordeboek (6,000 terme)**
**Fisikawoordeboek (12,000 terme)**
**Plantkundewoordeboek.**

## Wapad behaal eerste plek

**Die Wapad het die eerste kompetisie vir Afrikaanse studentekoerante gewen. Sien bladsy 5 vir berig.**

## Johannes Calvyn word vereer

'n Eenvoudige, treffende gedenkteken ter ere van die Hervormer Johannes Calvyn is langs die Ferdinand Postmabiblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. opgerig. Dit word op 1 April vanjaar onthul.

Die gedenkteken is deur die Afrikaanse Calvinistiese Beweging opgerig. Dit kos nagenoeg R6,000. By geleentheid van die onthulling tydens die kongres van die A.C.B. op Potchefstroom sal die Beweging die gedenkteken aan die sorg van die Universiteit oordra.

Die gedenkteken bestaan uit 'n vywer met 'n groot regop paneel langsaan waarop die volgende woorde aangebring gaan word: CALVYN: „EK OFFER MY HART".

**Die gedenkteken sal die enigste van sy soort by 'n Suid-Afrikaanse universiteit wees.**

Die gedenkteken is treffend in sy eenvoud, en dit sal 'n sieraad vir die terrein van die P.U. vir C.H.O. wees.

Die granietagtige blokke waarmee die paneel gebou is, is in werklikheid gekapte beton. Die vywer-gedeelte sal 'n visdam met spuitfontein bevat.

## Onsekerheid oor fakulteit vir medici

Die stigting van 'n mediese fakulteit aan die Potchefstroomse Universiteit kan nie in die nabye toekoms in sig gestel word nie, het die rektor van die Universiteit prof. H. J. J. Bingle verlede week in Klerksdorp gesê.

Die Regering het nog geen finale besluit oor die aangeleentheid geneem nie aangesien bestaande mediese fakulteite in Suid-Afrika tans gekonsolideer word.

Dit is nog nie bekend wat van die grondskenking van die Klerksdorpse stadsraad sal word wat vir die oprigting van 'n mediese fakulteit in Klerksdorp opsy gesit is nie.

# KUNSGESELSIE

EEn van die mees kenmerkende eienskappe van drama is die konflik daarin uitgebeeld. Die konflik kan vele vorms aanneem en kan bv. bestaan uit die stryd tussen onderskeie karakters, tussen botsende beginsels, tussen karakter en situasie, tussen karakter en beginsel en tussen beginsel en situasie. Die konflik word tot sy mees klemmende uiteinde gevoer waarin die tragiese held sy ondergang vind.

Dit is begryplik dat die mens in alle tye die konflik wou versoen het in die berusting, die resignasie, die instemming met die konfliksituasie in die onmoontlikheid van die konflik .Die berusting word die **amor fati** genoem. Dit kan beskryf word as byna 'n liefde van die noodlot (fatum, moira anáke Diké of watter vorm dit ook al mag aanneem). Die amor fati word bv. gevind in Sophokles se tragedie **Oedipus in Kolonos.** Dit vorm die ooymerk van die Stoa en van Spinoza. Die lewe van die geteisterde King Lear blink uit in hierdie resignasie. By Ibsen egter soek 'n mens tevergeefs na die **amor fati** — een van die redes waarom sy dramas 'n sekere starheid besit en dit selde aan ontspanning toekom.

So kan soms die **amor fati** aan die driftige, kiesende en handelende lewe rus en ruimte van die groot menslikheid skenk. Dit kan die besorgde en gekwelde bestaan troos — soos Spinoza homself staande hou deur die lewe te sien „sub specie aeternitatis", in die lig van die ewigheid. Die milde wysheid van die amor fati, wat nie meer vergoeilik of veroordeel nie, vorm die kroon van die ouderdom (hier dink 'n mens onwillekeurig aan Salomo in Prediker). Dit spreek ons toe by monde van die gryse Oedipus en die dwaas-wyse Lear; dit merk ons op in die laaste selfportrette van Rembrandt en dit sing ons toe in Beethoven se laaste strykkwartette. Die gebondenheid is aanvaar as die bestek van die eie lewe, die nood het die mens ingewy in sy diepste geheimenisse, die lot is as die toebedeelde en begroet, en daar word na geen verdere vryheid gesoek nie as wat reeds geskenk is nie.

Vele tragedies ken die **amor fati** in die uiteindelike meta-tragiese versoening bv. **Oedipus in olonos, Hamlet** en **Bouwmeester Solness.** Die huidige lewensbesef wil egter sê dat die **amor fati** nou **amor hominum** geword het. Die tragiek word nou 'n volkome menslike affaire. Die mens het homself en sy medemens tot noodlot geword. Die fatum lê nou in ons menslikheid en medemenslikheid. Die tragiek rig hom nou met deernis tot die mens in sy val in die lewe.

In die **amor fati** raak humanisme en religie mekaar. Hoe dikwels word berusting nie as die hart van die Christelike geloof gesien nie! Die term Voorsienigheid word dan fatalisties opgeneem. Dit is 'n fatalisme wat homself dan ook meestal verdedig met behulp van die agnostisisme: van God kan die mens tog niks weet nie. Die stelling dat die mens onmoontlik kan sondig dien hierby as die laaste wysheid en verantwoording. D. v.d. B.



**Dr. P. Rousseau verskyn hier in geselskap met mev. G. Dekker (eggenote van prof. G. Dekker wat die kunsuitstalling in die Frans du Toit-gebou geopen het) en Susan Moller, een van die kunstenaars. Hulle staan by een van haar houtsneewerke, Die Heilige man.**

## Nuwe dirigent

Nominasies vir die nuwe dirigent en onder-dirigent sluit vanaand om 7 nm. Alle nominasies moet voorsien wees van die kandidaat se naam en handtekening, en die handtekeninge van vier sekondante.

Geen laat nominasies sal aanvaar word nie. Nominasies moet in die bussie van die A.B.K.K. geplaas word.

# Kunswaardering gaan met inspanning gepaard

**Die uitstalling van die Pretoria-groep is nog tot 5 Maart in die kunslokaal van die Frans du Toit-gebou vir besoekers oop. Die uitstalling is met die amptelike ingebruikneming van die gebou ge-open.**

Mnr. Ballot, hoof van die Departement Kunsgeskiedenis en -waardering aan die P.U. het in 'n onderhoud gesê dit is 'n goeie verteenwoordigende uitstalling van hedendaagse Suid-Afrikaanse kuns.

**SLIM**

**Hy het enkele werke van hoë gehalte uitgesonder waaronder die van Ernst de Jong. Die kunstenaar wend hom uitsluitlik tot dekoratiewe werk sonder enige simboliese inhoud, maar met slim liniêre komposisie**

Die litho's van Bettie Cilliers-Barnard en die skilderstukke van Analie Rabie is besonder hoogstaande, het hy gesê. Die toeskouers moet hulle inspan om die werke van hulle tyd te waardeer. Te veel aandag word aan leë nabootsing van die natuur soos in die beeldhouwerke van Hennie Potgieter, gegee.


# DIE DIETSE FEDERASIE (A.N.S.A.V.)

***Kulturele, ekonomiese en politieke Beweging vir Nederland, Vlaandere en die Republiek van Suid-Afrika***

**KULTUREEL**

In samewerking met A.N.S.A.V. het die Dietse Federasie 'n werksame aandeel in die uitbreiding van kulturele bande tussen die drie Dietse Lande. Talle kontakte is reeds deur hierdie organisasie tot stand gebring. Geloftefeeste, kuns- en boeketentoonstellings, Kultuurdae en Kongresse, ens., is gereël.

**EKONOMIES**

Die Federasie het deur sy onder-afdeling BENSA (Benelux-Suid-Afrikaanse Sakekamer) reeds baie handelskontakte tot stand gebring en daar is ook onderhandelings aan die gang met fabrikante in die Benelux-lande wat hul bedrywe na Suid-Afrika wil bring.

**POLITIEK**

In Suid-Afrika ondersteun die Dietse Federasie heelhartig die NASIONALE PARTY en spreek hom ook uit ten gunste van totale gebiedskeiding.
Die Dietse Federasie het noue kontakte met die Vlaamse Nasionale Party, De Volksunie en ander groeperings, en is in gereelde korrespondensie met Nederlandse partye wat Suid-Afrika goedgesind is.

**IMMIGRASIE**

Die Dietse Federasie beywer hom vir 'n groter immigrasie uit Nederland en Vlaandere. Die feit dat daar so min immigrante na Suid-Afrika kom wat die geledere van die Afrikaners versterk, geniet voortdurende aandag en bogenoemde lande word gereeld van voorligtingsmateriaal voorsien.

**By al hierdie werksaamhede het die Dietse Federasie elke student se steun nodig . . .**

*Daarom sluit aan en vul onderstaande vorm in:*

AAN: Die Penningmeester,
Die Dietse Federasie,
Posbus 20065,
Noordbrug,
POTCHEFSTROOM

*Ek, die ondergetekende onderskryf die beginsels van*
*DIE DIETSE FEDERASIE*
*en sluit hierby* R0.50 *in as ledegeld vir een jaar*

*Ek gee ook 'n donasie van R* ..........

*Naam* ..........

*Adres* ..........

***'n Volledige program is op aanvraag verkrygbaar***

# Uittredende huisvader bedank sy helpers

**Die belangrikheid van die Christelike beginsel in 'n koshuisgemeenskap is deur prof. C. P. van der Walt in 'n onderhoud beklemtoon. Hy het aan die einde van verlede jaar as huisvader van die manskoshuise aan die P.U. uitgetree. Prof. Van der Walt was vir 'n tydperk van vyf jaar aangestel, maar sy dienstermyn is met 'n halfjaar verleng.**

**Prof. Van der Walt het gesê dat hy dit as sy hooftaak beskou het om tevrede, rustige, en ordelike koshuisgemeenskappe te skep. Om dit te kon bereik, is die aandag op die koshuiskomitee toegespits, terwyl daar ook met die koshuisgangers saamgewerk is.**

„Administratiewe sake en lekkende krane, gebreekte ruite en verstopte pype het ook baie tyd in beslag geneem," het hy gesê.

**OUBOETE**

Prof. Van der Walt het verwys na die belangrikste gebeurtenisse gedurende sy termyn as koshuisvader. Die stelsel van Ouboete is net voor sy dienstermyn ingestel en tydens sy ampsperiode gevestig en uitgebou.

Met die Republiekwording het die studente besluit om selfwerksaamheid in die koshuise toe te pas. Die stelsel is onder sy leiding ingestel. As huisvader het hy 'n belangrike aandeel in die ontwerp van die nuwe koshuise, Oosterhof en Joon van Rooyhuis gehad.

**VEREISTES**

**As belangrikste vereistes vir die koshuislewe beskou prof. Van der Walt: eerstens die uitbreiding van die Christelike beginsel van die Universiteit sodat die koshuisgemeenskap Christelik sal wees, sowel in leer as in lewe.**

Tweedens die handhawing van 'n sprankelende studentelewe sonder dat dit die akademiese gees en studieaangeleenthede ondermyn.

Hoewel sy werk veeleisend was, het prof. Van der Walt dit altyd 'n vreugde gevind om met studente in aanraking te kom. Gedurende sy ampstermyn was daar niks wat die hoë indruk wat hy van die P.U.-student het aangetas het nie. „Een van die grootste bates van die P.U. is die gehalte van sy studente," het hy gesê.

„Ek waardeer die geleentheid om van diens vir die Universiteit en sy studente te kon wees", het prof. Van der Walt gesê: „Dank aan wie behulpsaam was om my taak te vergemaklik".

## *R40,000-skenking vir navorsing*

**Skenking van R40,000 van S.A.-Druggists aan die P.U. ter steuning van die eerste farmaseutiese navorsingsprogram in Suid-Afrika, is onlangs deur die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, in ontvangs geneem tydens 'n sosiale funksie in Johannesburg.**



**Dok Briers het 'n besonder groot aandeel gehad in die welslae van die Verskeidenheidskonsert van die eerstejaars wat in die Totius saal plaasgevind het — hy het die fluitjie geblaas. Hier sien ons hom (links agter) terwyl hy die studentemassa aanspoor om hul waardering teenoor die nuwelinge te betuig. Ander seniors doen ewe entoesiasties mee om die juniors tuis te laat voel.**
**Foto: Fotokuns**

## *Na Nederland vir verdere studie*

Mnr. C. J. (Karools) Reinecke, dosent aan die Potchefstroomse Universiteit, het op 5 Januarie na Nederland vertrek waar hy aan die Rijksuniversiteit in Leiden sy studie vir die D.Sc.graad in biochemie sal voortsit.

Hy het in 1962 die B.Sc.-graad aan die P.U. met onderskeiding in Chemie en Fisika behaal. In 1963 behaal hy die Honneurs B.Sc.-graad in Chemie, ook met onderskeiding, terwyl die M.Sc.-graad in Fisiese Chemie in 1965 met onderskeiding aan hom toegeken is.

Mnr. Reinecke is deur sy eggenote vergesel met wie hy onlangs in die huwelik bevestig is. Sy was mej. Drienie Venter, tot onlangs dosente in huishoudkunde aan die P.U.

# Senior vra: Gaan Pukgees van kampus verdwyn?

**Geagte Redaksie,**

**Weg is die bekende, algemeen gebruikte „PUK-GROET"; weg is die gevoel van senioriteit en junioriteit; weg is die gebruik om jou senior en meerdere eerste by 'n deur te laat ingaan, eerste roomys by die Vrugtefees te neem; weg is die lekker gemoedelike gesellige ou gees van die Puk.**

Weg!
Weg!.!
Weg!!!

Weg is al die dinge wat die Universiteit gemaak het wat hy is, moet wees en kan wees.

## Tussen Ons Gesê

Of . . ., verbeel ek my dit? Is die dinge nog hier dat ek dit net nie raaksien nie, dat ek altyd op die uitsondering afkom?

**BESONDER**

Dit gaan nie hier oor die verhouding van senior tot senior nie, maar wel oor . . . (Ek wou „Eerstejaars" gebruik, maar weet nie of dit as diskriminasie of onteerding beskou sal word nie. 'n Beter woord is seker Nuwelinge. **Heel besonder Nuwelinge** wat nie alleen in dieselfde voorregte deel as die wat dit met verloop van jare verkry het nie, maar aan wie dit gegee word, en waar dit nie gegee word nie, word dit goedsmoeds geneem.

Is ek 'n vreemdeling in Jerusalem? Of het ek 'n wonderlike era sien verbygaan? Ek kan werklik 'n nasionale weekblad aanhaal en uitroep: „Is daar iemand wat weet?"

Verbygaande Senior

## *Lektore benoem vir P.U.*

Dr. E. J. Smit, drs. L. Dekker en mnr. P. G. Snyman is onderskeidelik benoem as lektore in die Departemente Semitiese Tale, Afrikaans-Nederlands en Perswetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit.



Prof. S. J. Preller aan die woord tydens die Verwelkomingsdinee vir die eerstejaars.
Foto: Fotokuns

# Eerstejaars voel tuis op P.U. -- dineetoespraak

**Die Ontspanningskomitee van die A.B.K.K. het op Saterdagaand, 19 Februarie, 'n geslaagde verwelkomingsdinee in die Totiussaal van die P.U. aangebied.**

Die saal was goed ingerig maar dit was duidelik dat daar nie voldoende ruimte vir so 'n groot dinee is nie.

Die program het baie vlot verloop. Verskeie sprekers het by die geleentheid opgetree. Die gehalte van die toesprake het vir 'n genotvolle aand gesorg.

**TUIS**

Mnr. J. Venter het namens die eerstejaars gepraat en die versekering gegee dat hulle tuis voel aan die Universiteit.

● Die Ontspanningskomitee wil almal wat met die voorbereiding en opruiming van die Verwelkomingsdinee gehelp het van harte bedank.

## *Doktorsgraad in Ekonomie aan T. Muller*

Dr. H. Muller, Minister van Buitelandse Sake, sal op Saterdag 2 April die rede voer tydens die gradeplegtigheid van die P.U.

By die geleentheid ontvang die broer van dr. Muller 'n ere-doktersgraad in Ekonomie. Hy is mnr. Tom Muller, besturende direkteur van General Mining and Finance Corporation en onder-president van die Afrikaanse Handelsinstituut.

## Senior hou van inskakeling

Geagte Redaksie,

Die Studenteraad en die Universiteitsowerheid moet gelukgewens word met die praktiese en konkrete pogings wat die jaar aangewend is om die afgeleefde en onvanpasse Ontgroening finaal die nek in te slaan.


Nie alleen is Ontgroening soos dit in die verlede toegepas is, barbaars omdat dit beklemtoning van die liggaamlike as belangrike komponent bevat nie, maar is dit 'n uitgediende vorm van kennismaking wat nie in 'n moderne wêreld tuis hoort nie.

Laat ons voortgaan om die nuwelinge in ons midde op menslike en normale wyse te betrek deur aan hulle te toon dat seniors nie gevrees moet word nie maar geëer en gerespekteer moet word.

JOHAN.



# WERKLIK SO ERG?




# GEGRADUEERDES DALK VRYGESTEL VAN NEGE MAANDE OPLEIDING

**Universiteitsgegradueerdes mag in die toekoms vir nege maande basiese opleiding opgeroep word — net om in kennis gestel te word dat hulle kan teruggaan huis-toe.**

Volgens 'n besluit van die nuwe Opperbevel van die Weermag, sal gegradueerdes met range in hulle besondere vakgebied aangestel word. Waar daar nie vakante betrekkings in die professionele of administratiewe afdelings van die Weermag bestaan nie, sal die lotelinge toegelaat word om na hulle oorspronklike werk terug te keer.

**Gedurende die eerste maand van opleiding sal lotelinge met universiteitsgrade voor 'n paneel verskyn. Professionele lotelinge — medici, regs-praktisyns, rekenmeesters, ens. — sal as volle veldkornette aangestel word, en na die afdelings oorgeplaas word waar daar 'n tekort is. Hulle sal R1.60 per dag betaal word.**

Lotelinge met ander akademiese opleiding sal in die administratiewe afdeling geplaas word met die rang van assistentveldkornet en teen n betaling van R1.40 per dag. Indien geen betrekkings vakant is nie, mag hulle vrystelling kry om terug te keer na die private lewe.

# *Eersteplek behaal in landswye studentekoerant-kompetisie*

**Die Wapad, amptelike studentekoerant van die P.U., is in die eerste kompetisie vir Afrikaanse studentekoerante as die beste inskrywing aangewys, volgens 'n omsendskrywe wat van die A.S.B.-hoofbestuur ontvang is.**

**Die kompetisie is deur die Afrikaanse Studente-persunie gereël en studentekoerante van die geaffilieerde A.S.B.-sentra kon daaraan deelneem. Redaksielede van Die Transvaler, Die Burger en Die Volksblad het as beoordelaars opgetree.**

„Die Wapad vertoon in elke opsig die beste onder die inskrywings. Sy nuus lees lekker. Hy verdien lof omdat hy sy lesers so dikwels aan die woord stel oor sake wat vir studente van aktuele belang is. Die nuwe naamblok is beslis 'n verbetering.

So skryf die beoordelaar van Die Volksblad onder meer.

„Die redaksie toon inisiatief met berigte soos die oor die dra van kortbroeke en 'n meningsopname oor die ontwikkelingsprogram van die Universiteit. (Die Wapad) lyk meer na 'n „koerant" as enige van die ander inskrywings, sê Die Burger.

Hy wens die redaksie ook geluk met die uitgawe wat op die dag met intervaristy uitgebring is.

Die Transvaler skryf dat Die Wapad se nuus lewendiger en wyerdekkend is.

Algemene kritiek was teen die gebruik van koppe (opskrifte) van dieslefde lettertipe teenmekaar, enkele voorbeelde van swak taalgebruik en die afwesigheid van 'n geselsrubriek.

Die drie beoordelaars het die inskrywings in dieselfde volgorde van verdienstelikheid geplaas. Twee het persentasietoekennings gemaak. Hiervolgens het Die Wapad 'n gemiddele van 63.8 persent, Die Perdeby (Pretoria) 54.5 persent, Die Matie (Stellenbosch) 53.8 persent en Die Pootjie (P.O.K.) 51.8 persent behaal.

● Mnr. A.S. de Beer was hoofredakteur van die Wapad vir die afgelope termyn en is tans voorsitter van A.S.P.U.

# Studiegeld vir alle studente beskikbaar

'n Verdere R100,000 gaan vanjaar deur die Regering onder Suid-Afrikaanse universiteite verdeel word waarmee navorsingsapparaat aangekoop en in stand gehou kan word, het prof. C. H. Rautenbach, rektor van die Universiteit van Pretoria en voorsitter van die Nasionale Adviserende Onderwysraad gesê na aanleiding van die Regeringsbesluit dat maatskappye twee persent van hulle inkomste nie-belasbaar vir 'n nuwe studiefonds kan skenk.



*So 'n souserige waatlemoen smaak darem vorentoe, is blykbaar die gedagtes van Frikkie Schutte en Gume Uys, albei van Heimat, terwyl Henriette du Plessis en Betsie Brits, van Oosterhof die spuiletjie glimlaggend gadeslaan. Die foto is tydens die A.S.B. se vrugtefees op die Oude Molen-terrein geneem.*
*Foto: Fotokuns.*

# Sing-songs sal deur die jaar plaasvind

Twee Woensdagaande per maand word vanjaar afgesonder vir Sing-songs, het die voorsitter van A.B.K.K., mnr. Nico van der Merwe gesê.

Die A.B.K.K. skryf weer vanjaar 'n wedstryd uit vir die samestelling van 'n nuwe sangbundeltjie.

Die komponiste van die beste liedjies sal met aanloklike geldpryse beloon word.

# BUITEMUURSE AFDELING VIR P.U. IN VAALDRIEHOEK

**'n Buitemuurse afdeling van die P.U. is onlangs formeel in die teenwoordigheid van sowat 250 hoogwaardigheidsbekleërs en gaste deur die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, in die Vaaldriehoek geopen.**

**Volwaardige graadkursusse sal uit die staanspoor deur die fakulteit Ekonomiese. Wetenskappe aangebied word.**

In sy openingsrede het prof. Bingle gesê dat die P.U. vir C.H.O. slegs een wet ken en dit is die wet van diensbaarheid aan die wetenskap, die mens, die gemeenskap en God.

Uit die vorderingsverslag van die Vaktaalburo van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns blyk dat die Opmeetwoordeboek reeds verskyn het en van die Akademie bestel kan word.



*Vrugte in oormaat! Die A.S.B.-vrugtefees was vanjaar 'n groot sukses. Die dametjies op die foto kan blykbaar nie besluit watter vrugsoort die lekkerste sal smaak nie.*
Foto: Mac v.d. Merwe.

# Reisbeurshouer is terug uit buiteland

Mnr. P. J. van der Walt, tweedejaar student aan die Teologiese Skool, wat die Abe Bailey reisbeurs vir 1965/66 ontvang het, het onlangs na 'n twee maande besoek aan die Verenigde Koninkryk teruggekeer.

Mnr. Van der Walt was lid van 'n groep van twaalf studente wat agt Suid-Afrikaanse Universiteite verteenwoordig het.

**Die Abe Bailey Reisbeurs word nie alleen vir prestasie op akademiese gebied toegeken nie, maar ook op sportgebied en vir besondere leierskap.**


Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 Telefoon 5032
POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —
Van ditjies en datjies
en rokkies en frokkies,
Tot jassies en rokkies.

Agente vir:
INNOXA
VITAMOL
COTY
Besoek ons uitgebreide
GESKENKAFDELING
DIE BULT-APTEEK
Tomstr. 88b & c — Tel. 5943
*Ondersteun 'n Oud-Pukkie*



# Verlief Verloof Verlore?



WELKOM aan alle Pukke wat vanjaar op ons ou kampus gaan leef en beef . . . en sleep!

My niggie, Kaaikie Kekkelbek, vertel my dat daar hoofsaaklik twee soorte slepers aan die begin van elke jaar is, net na die ontgroening, of in hierdie geval, die verwelkoming. Dit is naamlik die ou slepers en die nuwe slepers. Dan is daar nog die tussenstadium die ou-nuwe slepers, waar oudames met eerstejaarmans sleep, of nuwe-ou slepers, waar eerstejaardames met ouhere sleep (hang net af wie die broek dra . . . )

Elk van eersgenoemde twee soorte val weer uiteen in twee kategorieë (klink my bra na 'n baster prekie met al die afdelings en onderafdelings van slepers, om nie eers van die slepery self te praat nie).

Ewenwel, ek sal graag 'n woordjie tot elk van die groepe wil rig.

Eerstens die ou slepers wat nog sleep: Geluk met die deel van die sak sout wat julle al saam opgeëet het, mag julle nog baie sakke sout saam ledig; liefs saam met kos as saam met kou ewater . . . Onder hierdie afdeling val natuurlik veral diegene wat nou hulle kleurbaadjies in een kas hang, soos ons S.R.-voorsitter, Frans en die een wat langs hom sit in die openbaar, Johannatjie. By die huis sit sy of op sy skoot, of op sy kop — ons sal moet sien as hy begin bles word. Daar is ook Hettie van der Walt, wat na onderhandelinge van hulle eerstejaar af, besluit het om haar van vir die van Jan te verruil.

**Die eerste groep slepers hou nog nie hier op nie; daar is ook diegene wat gaan soek het na blink klippies — by die Mooirivier of elders in ons land. Die wat gekry het, is Ester Hoffmann en Gatiepie Prinsloo, Tersia Geere en Nico van der Merwe, Corlea Grobler en Steve van der Walt, Pieter van der Walt en Martie orster, en dan Alma de Bruin, Herma Roux, Estelle Olivier, Janey Grobbelaar met hulle verweg-helftes. ......**

Marteli du Plessis en Leon de Bruin het weer hulle soutetery hervat Louis Botha het vir Magda Erasmus van Tukkieland saam teruggebring want hy sê posgeld op sout is te duur.

Nou kom ons by die ou slepers wat nie meer sleep nie: Aag toemaar, julle weet mos elke donker wolkie het 'n witste varkie wat in die swartste modder rol . . . of hoe nou weer? Luister maar na L.M. vir die regte resep, want daar is nog 'n belangrike sakie wat ook hier afgehandel moet word; ja, die Verwelkomingsdinee, wat in die meeste gevalle die oorsaak is vir die eerste katagorie uit die tweede groep: Die nuwe slepers wat sleep:

Hier verdien Bennie de Klerk en Emilie Postma eerste vermelding nie net omdat dit 'n nuwe-ou-sleep-geval is nie, maar Emilie moes glo nie eers vir Bennie gaan skiet het nie — hy het sommer die skietwerk gedoen en daardeur gesorg dat hulle sommer die middag al saam atletiek toe kon gaan!

Verdere dinee-gevalle is Jan Erasmus en Marieta Vermaak, Monica Heystek en Fanus van der Westhuizen, Ferdinand Postma en Vena Oelofse, Mariëtte Henning en Pieta Badenhorst, Wilma von Marle en Andre de Bruin, Nora Putter en Koos Christiana, Annemarie Taljaard en Tokkie van Heimat (net Tokkie), Willem van Kralingen en Petro Ras, en laaste, maar baie belangrik, Dave Tromp en Marianne Burggraaff.

Aan die nuwes wat nie sleep nie, sê ons: een van die dae skryf ons oor julle in hierdie rubriek!

Kaaikie wou vir my as opvolger hê. Sy sê my naam is net so lekker om te sê as „Sir Aboubakir Balewa" of Kwama Nkrumah— dit rol glo letterlik en figuurlik so oor 'n mens se tong. Daarby klink dit so geheimsinnig en loerderig soos ek behoort te wees, en dit smelt in 'n mens se mond soos koeliebaard.

Nou is my enigste wens dat ons net sulke groot vriende sal word as julle en Kaaikie.

Sleep maar lekker voort en nie met moeite soos die sprinkaan nic.

LOELOERAAI.

## Verlore?



**Menige Pukdametjie se hart gee sommer so 'n ekstra bons as dié sjarmante non-sleper soggens oor die kampus stap. Wie sou hy wees? Party mense noem hom Lappies. Maar Loeloeraai glo dit nie. Hy behoort 'n mooi naampie te hê. Iets soos Don of Rex of so iets.**

**Ek wonder of ons nie 'n prys moet uitloof aan die dametjie wat vanjaar sy hart verower nie? Maar is daar so 'n besondere astertjie op ons kampus? As 'n mens weer na die sterk manlike gesig kyk dan twyfel jy sommer . . . Sy soort is SO skaars.**

*Foto: Fotokuns*

# SKERTS OM KLAWERHOF SE TEEKAN GESLAAGD

**Eerstejaars aan die Puk is op tradisionele wyse verwelkom hoewel ontgroening hier afgeskaf is, berig ons verteenwoordiger uit Klawerhof.**

Die oudames van Klawerhof het besluit om die negentig dore wat in die koshuis saamgetrek is, hartlik te verwelkom soos in menige ander koshuis die geval was. Die aksies was van so 'n aard dat daar geen rede vir klaagliedere was nie, skryf ons beriggewer.

Die eerstejaars het die oudames soggens met 'n besoekie vereer wat aan eerstejaar sowel as senior die geleentheid gegee het om mekaar te leer ken. As beloning het die door die ou dame se handtekening ontvang.

### FORMALITEIT

Die „Uitvreetparty" van die verlede het nou die unieke naam van „Skerts om die teekan" gedra. Ofskoon die nuwelinge dit bloot as 'n formaliteit beskou het, het die senior dames die kans benut om hulle griewe teen die „hans" dore te lug. Terselfdertyd is gepoog om die dore se wanopvattinge aangaande hulle status op die Puk uit te skakel.

Klawerhof se oudames het hulle statig gedra en die dore soos mense behandel. Die aanpassingstydperk is egter nou verby en nou sal almal saam moet leef as volwaardige inwoners van Klawerhof, sê ons verteenwoordiger.

— E. E.




*Foto: Fotokuns*

# ONAFHANKLIKHEID VIR NUWE MANSKOSHUIS

**Heimat-uitbreiding, 'n toevoeging tot die bestaande ou manskoshuis van die P.U., het onlangs sy „onafhanklikheid" verkry. Mnr. J. P. L. v.d. Walt is as koshuispa en mnr. Paul Grundling as Ouboet aangewys.**

Mnr. Jerry van Vuuren, koshuispa van Heimat het dit goed gedink om onafhanklikheid eers deur al die betrokke inwoners te laat bekragtig. Op 'n luisteryke vergadering is verskeie menings oor die saak gelig.

Mnr. J. P. L. v. d. Walt het as nuwe koshuispa die samewerking van die nuwe koshuis met Heimat beloof en die hoop uitgespreek dat dit sal groei tot 'n volwaardige koshuis van die P.U.

Die koshuis ,wat bestaan uit die geboue-kompleks agter Heimat, is reeds algemeen onder studente bekend as „Haak en Steek".

# Vervroeging van middagtrein onseker

Nog geen sekerheid kon oor die beoogde een uur vervroeging van die daaglikse middagtrein van Klerksdorp na Johannesburg gekry word nie.

Die trein vertek om 5 nm. uit Klerksdorp en stop op Cachetstasie, waar die meeste studente dit haal.

Die Spoorweë het verskeie instansies genader om vas te stel of die vervroeging enige ontwrigting sal meebring.

# Nusas eis R200 van Minister

'n Eis van R200 gaan teen die Minister van Binnelandse Sake ingestel word deur die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente, word berig.

Die bedrag wat hier ter sprake is, is na beweer word, deur 'n nie-blanke student as deposito betaal met sy aansoek om 'n paspoort wat hom in staat sou stel om na Engeland te gaan waar hy 'n beurs van R4000 verower het.

Die paspoort is geweier en 'n eenrigting-paspoort is later toegestaan. Sy versoek om terugbetaling van sy deposito van R200 is egter geignoreer volgens mnr. Ian Robertson, president van Nusas.

# WATTER KOSHUISE KRY VANJAAR PRYSE?

**Deur die loop van die jaar sal drie konserte op mededingende basis tussen die verskillende koshuise en 'n dorpsgroep gereël word," het mnr. Nico van der Merwe, voorsitter van die A.B.K.K. gesê.**

Benewens konserte sal twee kuns konserte respektiewelik op 25 Maart en 25 Junie aangebied word. Die koshuis wat die konsertkompetisie wen, sal die lentefeesbeker asook 'n geldprys verower.

Geen spesifieke maatstaf word vir beoordeling van die konserte gestel nie. Oorspronklikheid, uitgebeelding goeie organisasie sal in aanmerking geneem word. Die S.A.U.K. sal uitgenooi word om opnames van die konserte te maak.

### KOMBINEER

**In die kompetisiekonserte sal Over de Voor gekombineer word teen Thaba-Jäh, Uitspan en Ons Huis.**

Dawie du Plessis sal met Oosterhof gekombineer word teen Kulu, Heimat en Gawie Swart.

Die konserte sal onderskeidelik op 25 Maart, 30 April en 6 Mei plaasvind.

Eersgenoemde konsert sal deur 'n dorpsgroep wat saam met die Alabamaorkes sal optree, behartig word. Ook sal die Volksanggroep van die Volkspelelaer en die Thaliaeerstejaarstoneelstuk by die geleentheid op die planke gebring word.

# Studente sal na nuwe plate luister

Musiekkenners uit die P.U.-geledere wat tydens Sondae se plate-aande lesings oor die hoofwerk van die aand sal lewer, is een van die nuwighede wat deur die Diskoteekkomitee vir die nuwe jaar in vooruitsig gestel word, het die voorsitter van die Komitee, mnr. Pops Struwig, in 'n onderhoud gesê.

Tydens sleeptyd op weeksaande sal plate weer gespeel word. Versoeke en boodskappe sal van na ete tot 7 nm. uitgesaai word. Daarna sal tot 7.30 ligte musiek in studentesmaak gespeel word.

**Nuwe plate ter waarde van meer as R60 word aangekoop. Dit sal uit ligte sowel as klassieke musiek bestaan.**

# Administrateur is ou bekende

Die nuwe Administrateur van Transvaal, mnr. S.G.J. van Niekerk, het na sy skoolopleiding aan die Potchefstroomse Onderwyserskollege ingeskryf vir die onderwysdiploma en verwerf die B.Sc.-graad aan die P.U. vir C.H.O.

Op jeugdige ouderdom het hy hom reeds as leier uitgewys en was hy voorsitter van die destydse Afrikaanse Nasionale Studentebond.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# Insiggewende sportweek aan Universiteit gereël

**In samewerking met die Suid-Afrikaanse Sportstigting het die P.U. Sportinstituut onder leiding van mnr. Piet Malan, direkteur van die Instituut, 'n uiters insiggewende sportweek gereël waartydens atletiek-, swem-, tennis-, en krieketkursusse aangebied is.**

**Die kursusse het bestaan uit praktiese demonstrasies en lesings asook filmvertonings. Die afrigting was bedoel vir sowel studente van die Universiteit en die Normaalkollege as alle afrigters en deelnemers van omliggende klubs en skole.**

Gert Potgieter en Hannes Botha is slegs twee van die bekende sportmanne wat die atletiekafrigting behartig het. Die ander is: Jos Sirakis, Jan Barnard en Gerhard Roux. Die swemmers het afrigting van Willem Welbemoed, icel Colvin en dr. W. J. Putter ontvang.

Bob Campbell, Derek Schröder en prof. D. P. Smith het die tennis afrigting waargeneem.

Die krieketspelers kon meer van die fyner kunsies van die spel leer bemeester onder afrigting van Mike McCualy en Athol McCinnon

Maandag-, Dinsdag-, Woensdag- en Donderdagaande is lesings, demonstrasies en filmvertonings gehou. Elke middag van 4 tot 6 uur is praktiese voorligting by die verskillende terreine gehou.

**SUKSES**

Mnr. Malan wat telkens gelukgewens is met die oorweldigende sukses van die sportweek wat hy georganiseer het het gesê dat die Universiteit 'n verpligting het teenoor sy eie sportmanne en -vroue. En hierdie verpligting sal in die vervolg deeglik nagekom word, aldus mnr. Malan.



**Bollemakiesie in die lug. Die foto is verlede week by geleentheid van die P. U. se sportkurssusse in swem, geneem.**
**Foto: F. v. Pletzen**



**Hannes Botha, die bekende veldatleet van Suid-Afrika, demonstreer aan 'n groepie kursusgangers die metode waarop die spies gewerp moet word. Die kursus in atletiek was van meet af aan 'n groot sukses.**
**Foto: Mac v.d. Merwe**

## Puk baasbouler op toernooi

Die Pukke en ander Suid-Afrikaanse universiteite was verlede Desember die gaste van die Maties op Stellenbosch tydens die jaarlikse inter-universitêre krieket toernooi.

Die Pukke het nie een wedstryd gewen nie. Gebrek aan ondervinding was duidelik die rede vir twee van die neerlae.

'n Groot eer het die span te beurt geval toe Paul du Randt die kolf ontvang het as die beste bouler op die byeenkoms. Die toekenning het hy voor bekende provinsiale spelers soos Richard Steyn, Pat Trimborn en R. Muzzel weggeraap. Hy het die Suid-Afrikaanse Universiteite-span teen Noord-oos-Transvaal verteenwoordig.

P.F.S.

## Spreiligte vir Olënpark

Spreiligte gaan moontlik by Olënpark aangebring word omdat die Wes-Transvaalse Rugby-Unie dit moeilik vind om die vasgestelde aantal rugbywedstryde vir die seisoen af te handel. Die inligting is vervat in die jaarverslag wat onlangs vrygestel is van die president, mnr. Piet Bosman.

Met die spreiligte in gebruik, kan wedstryde in die begin en teen die einde van die seisoen afgehandel word.

## KORFBALKLUB ORGANISEER

Die P.U.-korfbalklub is voornemens om benewens die Wes-Transvaalse ligawedstryde ook plaaslike koshuisligas te organiseer.

Gedurende die Julie-vakansie vind 'n inter-universitêre korfbaltoernooi in Port-Elizabeth plaas en daar word be-oog om 'n volle span daarheen te stuur.

## Bekende atleet na België

Mnr. Jurg van der Walt, bekende atleet, en lektor in die Departement Fisiologie aan die P.U. het op 25 Januarie na die Universiteit van Leuven in België vertrek waar hy onder prof. E. E. Carmelict sal studeer.

Sy algemene studierigting is Biofisika en besondere onderwerp van studie die bio-elektriese verskynsels in hartweefsel.

Die Biofisika is in Suid-Afrika feitlik glad nie ontwikkel nie en daar lê dus 'n groot veld braak vir studie. Die studie van bio-elektriese verskynsels het belangrike toepassings in die medisyne soos onder andere die elektrokardiografie wat 'n belangrike diagnotiese metode is.

Mnr. Van der Walt het in 1958 aan die Grey-Kollege, Bloemfontein, gematrikuleer. In 1962 behaal hy aan die P.U. die B.Sc.-graad in Fisika en Wiskunde (met onderskeiding in Fisika) en in 1964 word die M.Sc.-graad in Fisika aan hom toegeken.

## Bakkies Venter ingesluit in W. Tvl. waterpolospan

**Tydens die jaarlikse inter-universitêre swembyeenkoms wat verlede Desember op Grahamstad plaasgevind het, het die Pukkies beter gevaar as in vorige jare.**

Hoewel die span nie werklik goed presteer het nie, was daar wel uitblinkers soos D. White en die kaptein van die span, Bakkies Venter.

**KOMPETISIE**

Die kompetisie was geweldig sterk en die ondervinding wat hulle as span opgedoen het, sal hulle in staat stel om beter rekenskap van hulleself te gee op die volgende byeenkoms wat deur die Witsies in Desember aangebied word

**Die klub verwelkom nuwe lede, het die sekretaris, mnr. Louis van de Walt, gesê. Persone wat met afrigtingswerk kan help, is baie welkom.**

Bakkies Venter is gekies vir die Wes-Transvaalse waterpolospan wat verlede week in Durban aan 'n groot byeenkoms deelgeneem het. — P.F.S.



*Die swemspan van die Puk het gedurende die Desembervakansie aan 'n swembyeenkoms in Grahamstad deelgeneem. Die foto is tydens die byeenkoms geneem. Die spankaptein, Bakkies Venter, staan heel regs in die agterste ry.*

## Oud-skrumskakel word hoof van Nas. Filmraad

**'n Man wat in sy studentejare vir Wes-Transvaal skrumskakel gespeel het, is onlangs aangestel as hoofbestuurder van die Naionale Filmraad.**

**Hy is mnr. Jan Botha wat mnr. A. Crous opvolg wat uittree.**

**Mnr. Botha was kaptein van die Potchefstroomse Universiteit se eerste rugbyspan en het in dié tyd skrumskakel vir die Wes-Transvaalse span gespeel.**

**Hy het die M.Comm.-graad aan die Universiteit behaal en is tans met 'n doktorale proefskrif in kosteberekening besig.**

## KOSHUISSPANNE DING MEE IN W. TVL. LIGA

**Ingrypende veranderings is tydens die eerste vergadering van die P.U.-rugbyklub vir ligabepalings in die vooruitsig gestel. 'n Vervroegde rugbyseisoen is aangekondig.**

Die P.U.-Rugbybestuur verwag heelwat probleme na die handeling van die liga-inskrywings. Mettertyd sal gepoog word om die rugbyadministrasie vlot te laat verloop.

Die P.U. se eerste- en tweedespan sal normaalweg in hulle onderskeie liga meeding. Vier koshuisspanne uit Over de Voor, Dawie du Plessis, Heimatkompleks en die dorp sal respektiewelik teen mekaar optrek en meeding in die derde liga van Wes-Transvaal. Alle senior rugbyspelers sal in aanmerking geneem word vir die eerste- en tweedespan, terwyl die juniors in aanmerking geneem sal word vir die junior-ligaspan. Intussen word nog besluit of die juniorspan sal meeding in 'n onder 20- of onder 19 liga.

**Rugbyspelers wat nie bogenoemde spanne haal nie, sal vir hulle onderskeie koshuise speel.**

**TAAIBOS**

Die rugbyseisoen begin amptelik wanneer Over de Voor met drie spanne optrek teen Taaibos op 12 Maart. Die vooruitsig word gestel dat die gehalte van die aanvangswedstryde reeds besonder hoog sal wees. Over de Voor het verskeie provinsiale skolespelers bygekry waaronder manne soos Johann Kruger (Oos-Tvl.), Theuns Kruger (Oos-Tvl.), Charles Marais (Wes Tvl.), en T. Celliers (Tvl.).

Aangesien baie rugbyspelers reeds begin het om ses uur soggens aanvoorwerk vir die nodige stamina te doen, kan mens 'n suksesvolle rugbyseisoen vir die P.U. voorspel.

## DALRYMPLE IN PUK SE SAK?

'n Dalrymple-oorwinning vir die Pukkies is vanjaar glad nie vergesog nie, na 'n paar goeie vertonings wat tydens die eerstejaars-atletiekbyeenkoms gelewer is op Saterdag 19 Maart.

Veral in die baanitems is 'n paar stewige vertonings gelewer hoewel dit geblyk het dat sommige van die atlete nog nie heeltemal fiks is nie. Goeie tye van 49.2 sek. deur Willie Coetzee in die 440 treë en 4 min. 35 sek. in die myl deur G. Muldner, is ondanks die hitte behaal.

Wat die korter afstande betref, lyk dinge rooskleurig met manne soos Trevor George, Koos du Plooy en Willem van der West huizen. Laasgenoemde is nog 'n junior en groot dinge kan van hom verwag word.

By die dames is die geesdrif hoër as ander jare en veral mejj. N. Putter en D. Niehaus het met hulle veelsydige vertonings beindruk. —P.F.S.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

**TRANSVALIA MEUBELS**

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

# GROOT PLANNE VIR P.U. SE SPORT -- DIREKTEUR

**Hy het reeds begin om 'n reuse ontwikkelingsplan te loods sodat sport aan die P.U. tot sy volle reg kan kom, het mnr. Piet Malan, oud rugbyspringbok en Direkteur van die P.U. Sportinstituut gesê.**

**Mnr. Malan het gesê dat dit eerstens nodig is om die verskeie klubs so te organiseer dat daar geen finansiële- of fasiliteittekortkominge mag wees nie.**

Verwysend na die sportweek, waar lede van die S.A. Sportstigting afrigting verskaf en lesings gelewer het, het mnr. Malan verduidelik dat noodsaaklike leiding en gespesialiseerde afrigting aangebied moet word. Om hierdie rede word in die April vakansie 'n rugbyweek by die P.U. georganiseer waar 'n paneel van ongeveer vyftien Springbokke met afrigting behulpsaam sal wees. Van die Springbokke wat die afrigting sal waarneem is o.a. Avril Malan, Johan Claassen, Basie Viviers, Filix du Plessis, Daan Retief, Basie van Wyk, Hansie Brewis, Newton Walker en Hansie Oelofse.

**'n Afrigtingskursus onder leiding van dr. Danie Craven en Kobus Louw in samewerking met die S.A. Rugbyraad sal ook aangebied word.**

Een breier asook die kapteins en onder-kapteins van die onderskeie eerste- en tweedespanne van naburige hoërskole sal uitgenooi word om die kursus mee te maak. Alle P. U. en P.O.K. rugbyspelers asook die omliggende klubs sal na die kursus uitgenooi word. Voldoende huisvesting sal aan die kursusgangers verskaf word.

**BELANGSTELLING**

Mnr. Malan het die mening uitgespreek dat sport in Wes-Transvaal reeds op hoërskool die nodige aandag moet geniet sodat sterk provinsiale spanne reeds van die grond af opgebou kan word. Om die belangstelling aan te wakker, beplan hy reeds dergelike kursusse ook vir ander sportsoorte.

**WATERBALLET**

Swemafrigting sal op aparte basis plaasvind en om hierdie noodsaaklike sportsoort meer tot sy reg aan die P.U. te laat kom, word beoog om waterpolo vir die mans en waterbalet vir die dames te organiseer, het mnr. Malan gesê. Daar is reeds voorsiening gemaak vir afrigting wat deur die loop van die jaar sal poog om hierdie sportsoort op 'n hoër vlak te plaas.

Hy het gesê dit is sy ideaal om fondse te bekom sodat die verskillende sportbeoefenaars deur professionele afrigters op gespesialiseerde vlak afgerig kan word. Sodoende word nie alleen meer presteer op sportgebied nie, maar die leierspotensiaal word ontwikkel.

## Sport as wapen aangewend, sê atleet

„Sport het 'n internasionale wapen in die moderne wêreld geword," het mnr. Gert Potgieter, bekende atleet en wêreldrekordhouer gesê toe hy 'n lesing tydens die P.U. se sportweek gelewer het.

Soos ideologieë, godsdienste en politiek het sport 'n wapen geword waarmee nasies hulle teen mekaar afspeel. Mnr. Potgieter het die vraag gestel waar Suid-Afrika se sportwapens is. „Dit is ons taak om ook op hierdie gebied wêreldstandaard te bereik." het hy gesê.

Om wêreldstandaard in enige sportsoort te bereik is eerstens basiese fiksheid nodig. Selfs tennisspelers moet naellope en staminawerk doen, sê mnr. Potgieter.

Nadat basiese fiksheid verkry is, moet spoed, krag, stamina en behendigheid verbeter word sodat hoër presteer kan word oor 'n langer tydperk.

Mnr. Potgieter het gesê dat die P.U. se sportinstituut geskiedenis maak deur die eerste kursus van sy soort aan te bied.

## GEEN HOKKIEPROBLEME

**Die P.U. dameshokkieklub beroep hulle daarop dat hulle die enigste P.U. klub is wat in 1965 daarin kon slaag om 'n Wes-Transvaalse liga te buit.**

Aangesien daar met baie probleme te kampe was om 'n afrigter te bekom, kan die oorwinning met reg beskou word as 'n besondere prestasie.

Vanjaar word die interuniversitêre hokkietoernooi in Stellenbosch gehou. Om die louere weer eens in te oes benodig die klub 'n groot aantal nuwe speelsters, aangesien heelwat van die ou staatmakers die Universiteit verlaat het. Daarbenewens is die voltydse dienste van 'n afrigter reeds verkry vir 1966.

Met die bekende Puk-entoesiasme vir hierdie sportsoort behoort daar weer hoogtes bereik te word in die komende hokkieseisoen.

## Aan die Sportfront

deur SPREILIG

Waar gaan die getalle en belangstelling vandaan kom vir die enorme ontwikkeling wat op sportgebied beoog word?

Die vraag is onlangs miskien te skepties deur my aan mnr. Piet Malan gestel.

„Jong", het hy geantwoord: "Mens begin bo te organiseer en dit werk self na onder soos suurdeeg. Die fout lê nie by ons studente nie. Dis die manier waarop sport aangebied word en die nodige fasiliteite wat belangrik is."

Hy het 'n kaart uitgehaal en sy ideaal aan my voorgelê. Binne vyf jaar beoog hy om op die Oude Molenterrein 'n sportsentrum te hê met 'n pawiljoen vir 4,000 toeskouers, binnenshuise sportfasiliteite, 'n vergote swembad, 'n standaardatletiekbaan, ses rugbyvelde 20 tennisbane, krieket-, hokkie-, korfbal en sokkervelde.

Ek het nog effens skepties die skouers opgehaal. Totdat ek verskeie kursusse tydens die sportweek bygewoon het. Dit het die saak verander. Mnr. Malan was reg. Die belangstelling is daar.

Die atletiekkursus is m.i. op die doeltreffendste wyse aangebied. Vir baie atlete was die 'n ondervinding om hulle ateletiekprobleme te bespreek met manne soos Gert Potgieter, Hannes Botha, Jan Barnard en Jos Sirakis. Ek het my verwonder aan sommige van hierdie erkende sportmanne se ingebore nederigheid. Deurentyd het 'n ontspanne informele gees die afrigting gekenmerk.

Die noodsaaklikheid van professionele afrigters aan ons Universiteit kan sterker as ooit aangevoel word.

Dit is verblydend om te sien dat sport al hoe meer met erns bejeën word onder ons studente. Dit het tyd geword dat ons moet besef dat sport meer geword het as slegs 'n vorm van liggaamlike ontspanning. Weliswaar moet dit 'n geestesverkwikking bly. Wanneer ons sport met erns en toewyding beoefen, kan ons wat daaruit gehaal word belê in ons studies. Die rente sal nie uitbly nie!




*Dit is die snit wat tel . . .*

- Alba Broeke
- Mentone Pakke
- Monatic Hemde
- Battersby Hoede
- Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 3411




*'n Groep nuwelinge luister met belangstelling (?) na 'n spreker tydens 'n samekoms van alle voornemende tennisspelers aan die P.U. Foto: Mac v. d. Merwe.*

## Spesialisasie vir sport in W.-Tvl. bepleit

**Wes-Transvaalse sportmanne moet spesialisasie toepas en daarvoor is die regte afrigting nodig, het mnr. A. P. Bird, bekende in Wes-Transvaalse atletiekkringe tydens die opening van die sportweek aan die P.U. gesê.**

Om die rede is op 22 Februarie 1966 'n atletiekafrigtersvereniging vir Wes-Transvaal op die P.U. gestig. Dit beteken dat atletiek in die besonder in Wes-Transvaal beter geadministreer kan word om sodoende meer gekwalifiseerde afrigters in Wes-Transvaal te bekom.

Mnr. Bird ag deeglike administrasie nodig om dit vir atlete moontlik te maak om groter hoogtes te bereik. Hy het gewys op die geweldige verbetering van die afgelope tien jaar op atletiekgebied wat deur spesialisasie moontlik gemaak is.

"Moontlik is die agteruitgang in ons rugby te wyte aan die ou ‚boeremanier' van afrigting waarmee nog volhard word in die dekade van spesialisasie" het hy gesê.

Mnr. Bird het die organiseerder van die sportweek, mnr. Piet Malan, gelukgewens met die puik organisasie wat geblyk het by die aanvang van die verskillende kursusse.



*Gawie Yssel, Ubert Joubert en Leon de Bruyn, is reeds hard besig om te oefen vir die komende rugbyseisoen. Hulle het aldrie reeds vir die Puk se eerstespan uitgedraf. Foto: Mac v. d. Merwe*


„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*


## Atletiek van hoë peil op P. U.

Die P.U. Atletiekkampioenskappe wat op Saterdag, 26 Februarie, plaasgevind het, is op hoë noot afgesluit toe Willie Coetzee, Willie van der Westhuizen en Mej. Cecile Malan aangewys is as die beste atlete van die dag.

Ander prestasies was:

MANS:

Gewigstoot — C. Swanepoel (Polisie) — 51 vt. 1½" (rekord)

Verspring — L. J. van Wyk, (Weermag) — 22¼" (rekord).

Hoogspring — J. Somers (Weermag) 6'.

Werpskyf — C .Swanepoel (Polisie) 135'5½ (rekord).

120 tree hekkies — W. Coetzee. 14.5 sek. (rekord).

100 tree hekkies — W. Coetzee 10.1 sek.

220 tree hekkies — W. Coetzee — 25.7 sek.

220 tree — J. van Wyk (weermag) 23.5. sek .

880 tree — B. Buys 2 min. 2 sek.

1 myl — G. Muldner. 4 min. 34.7 sek.

440 tree — F. Schultz (Weermag) 51.2 sek.

3 myl — G. Muldner — 15 min. 32.0 sek.

MANS 0/19:

Gewigstoot — O. van Eck — 44' 9¾" (rekord).

120 tree hekkies — E. Schalekamp. 15.3. sek.

100 tre e— W. van der Westhuizen 23.2 sek.

1 myl — P. Bredenkamp 4. min. 53.8 sek.

44 tree — J. Botha 51.4 sek.

220 tree — W. van der Westhuizen 23.2 sek.

DAMES:

Skyfwerp — C. Malan — 130'10" (rekord).

Spiesgooi — C. Malan — 90'3".

Gewigstoot — C. Malan — 37'4".

Hoogspring — C. Lubbe — 4'4".

Verspring — C. Lubbe — 14'4".

220 tree — C. Lubbe — 29.8 sek.

100 tree Mej. Niehaus 12.6 sek.

80 Meter hekkies — mej. Niehaus — 13.7. sek.